MISSIE JAPAN NUUSFLITS

AUGUSTUS 2015

inJapan Nuusflits: Somer 2015

Ondersteun: maak 'n verskil

Missie Japan is 'n vrywillige geloofsaksie wat afhanklik bly van ondersteuning deur individue, groepe en gemeentes regoor die wêreld.

MAAK 'N BYDRAE

Missie Japan media

Volg op Facebook

Volg op Webtuiste

Oor Groei en Geleenthede...

AAN DIE "EINDE" VAN ONS JAAR

Beste leser

Die somerreën seisoen is verby, maar hemelhoë humiditeit bly ons voorland. 'n Groen kombers van ryslande (foto hierbo) omsingel ons buurt. Emmers vol reën en hittegolwe is 'n wenresep vir rys kweek, maar vir fisiese energie, 'n doodsteek! Ons voel ook self redelik lam en tam (in Japannees: *natsubate*)...

Genadiglik loer ons jaarlikse somerverlof om die draai, so ons sien uit om te stop, rus, speel en stil te word. Maar voor ons (Sondag) vertrek, deel ons eers 'n paar belangrike grepies uit onlangse gebeure en geleenthede:

- Daar is 'n nuwe *6-minuut video* oor ons familie-lewe en 'n paar bedieninge waarin ons die afgelope twee maande betrokke was. Deel dit gerus.
- Ons deel graag meer oor ervarings en gedagtes uit ons pad met tuis-onderrig. Carina is aan die woord via haar (nuwe) blog: ***Whole in Japan***
- Ons staan voor 'n groot skuif: Stéphan is amptelik beroep as voltydse dosent na *Kobe Reformed Theological Seminary*
- Ons vra jou met vrymoedigheid om saam met ons en vir ons te bid. Ons maandelikse gebedsflits is ***hier beskikbaar*.**

Jou ondersteuning is onmisbaar, en ons waardeer dit!

Vrede en vreugde,

Stéphan, Carina, Annlie, Cornelius, Lodewyk en Stephan (jnr.)

http://www.missiejapan.co.za